

Skrifgedeelte: Matteus 10:26-33; Heidelbergse Kategismus 22:57

Fokusgedeelte: Matteus 10:28

Die siel van die gelowige by die dood

Wat gebeur met 'n mens op die oomblik as hy sterwe? Op daardie oomblik word die band wat liggaam en siel tot 'n wonderlike eenheid saambind, gebreek, sodat die siel dan los van die liggaam is. Dit bly so tot by die wederkoms van Christus.

Daarin sien ons die oordeel van God, want Hy het die mens as 'n eenheid van liggaam en siel geskep, maar vanweë die sonde word hierdie eenheid met die dood gebreek (Gen. 2:17). Sterwe beteken dus 'n breking, 'n ontbinding van wat nie gebreek of ontbind moes word nie. Dat die dood liggaam en siel van mekaar skei, sien ons by Christus. By sy dood het Hy sy gees of siel in die hande van sy Vader oorgegee (Luk. 23:46), terwyl sy leweloze liggaam in die graf neergelê is (Luk. 23:50-53).

Die vraag is: Wat word in die lig van die Skrif en belydenis bedoel met *die siel van die mens*? Ons kan sê dat die siel van die mens "iets" van die mens is *waarin die hele mens na sy diepste wese ingesluit is*; iets wat nie in homself enige onsterflikheid het nie, maar waaraan God onsterflikheid gee, sodat dit nie deur die dood aangetas kan word nie, maar as 'n lewende beginsel ná die dood bly voortbestaan (vgl. 1953-vertaling: Gen. 35:18; 1 Kon. 17:21; Matt. 10:28).

Dat die siel nie vernietig kan word nie, is duidelik uit Matteus 10:28 waarvolgens Christus verklaar: "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam dodmaak, *maar die siel nie kan doodmaak nie.*" (Die woord "vergaan/ verderwe" in die res van die vers sien nie op vernietiging nie, maar op die smarte van die hel (Mark. 9:44-46).) Vanselfsprekend is die siel betrokke by die sterwe, maar dan tog so dat dit in hierdie proses van doodgaan gespaar bly en nie daardeur vernietig kan word nie. As lewende beginsel van die mens word die siel so deur God bewaar dat dit bewustelik bly voortbestaan na die dood.

Die gelowige se siel word by die dood dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem (Luk. 16:22; Joh. 14:2). Dit is ook die rede waarom Christus aan die misdadiger aan die kruis kon sê: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk. 23:43). Daarom kan elke ware gelowige saam met Kohlbrugge sê: Wanneer ek sterf – ek sterf nie meer nie – en iemand vind my skedel, dan verkondig die skedel nog aan hom: Ek het geen oë nie, nogtans sien ek Hom, Jesus. Ek het geen harsings nie, nogtans verkondig ek sy lof. Ek is 'n harde skedel, nogtans leef ek deur sy liefde. Ek lê hier buite in 'n kerkhof, nogtans leef ek in die heerlijkheid van die paradys, en eenmaal sal ook my liggaam met Hom lewe.

Sing: Psalm 62-1:4